# SURVIVAL 301

## Hoe om isolasie-tyd te oorleef:  Gee

***Winston Churchill****:  "We make a living by what we get. We make a life by what we give*

## Inleiding  (welcome)

Hoe voel jy as jy vir iemand iets gee en die persoon waardeer dit?

Hoe voel jy as jy vir iemand iets gee en jy kry geen dankie of positiewe terugvoer nie?

Wanneer is dit vir jou lekker en maklik om te ontvang?

## Skriflesing:  Lees Efesiers 5:1-2 en 4:7, 12-15 en 5:8-9

Paulus is in die tronk as hy hierdie brief skryf.   Hy is dus ook in isolasie of in 'n vorm van afsondering, maar hy gebruik die geleentheid om hierdie gelowiges in Efese aan te moedig.
In hoofstukke 4 en 5 praat Paulus oor hoe anders die lewe van 'n gelowige moet wees.  Op 3 plekke praat hy oor die beginsel van **"*gee*".** Ons kan met gemak sê dat lewens wat deur Christus verander is, dink op 'n ander manier oor die saak van gee/giving.

- **Lees weer 5:1-2**
  - Watter beginsel van "*giving*" kry ons hier?
  - Waar begin gee, of in ander woorde wat het God heel eerste gegee?
  - Hoe moet dit ons verstaan van gee en die manier waarop ons gee beïnvloed?

- **Lees weer 5:8-9**
  - Wat dink julle het lig te doen met gee?  Lees ook Johannes 1:4-5
  - Watter kenmerke van lig kan julle aan dink. Noem soveel as moontlik.
  - Paulus se argument is dat ons ligdraers is, maw ons dra die lig uit of *gee* dit af.  Gaan nou weer deur julle lys van kenmerke van lig en maak dit op julle van toepassing. Hoe gaan julle hierdie kenmerke *afgee?*

- **Lees weer 4:7, 12-15**
  - Elkeen kry ‘n genadegawe vlg v 7 – dit is ‘n gawe (*iets wat jy kry)* + genade (*iets wat jy verniet kry*). Maw niemand verdien dit of kry dit omdat hulle goed of meer geestelik is nie. Hoekom is dit belangrik om te verstaan dat die gawes wat God vir ons gee (*en eintlik alles wat Hy vir ons gee*) genade is?

  - Wat sê v 12 is die doel van dit wat God vir jou gee (genadegawes)?

  - Maw ons kry hiedie gawes om dit weg te gee, om ander op te bou, om in ander se lewens ‘n verskil te maak. Watter verskil kan jy met jou gawe maak, of hoe kan jy mense opbou met wat jy verniet gekry het?

  - In enige verhouding moet beide partye kan gee, anders kan die verhouding nie gesond groei nie. Ons almal het mense in ons lewe wat min gee en net wil ontvang en ons almal weet hoe moeilik sulke verhoudings is.
    - **Wat gee God vir jou?**
    - **Wat kan jy vir God gee?**

- **Hoe kan ‘n gesindheid van gee jou help om in die Corona-tyd te oorleef?**

## Ons uitdaging is: (*works*)

i. Hoe en wat kan ons in hierdie week vir mekaar meer gee? (Vind dalk eers uit wat elkeen in die groep se nood en behoefte is)

ii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Begin deur eers net vir God **dankie** te sê
2. Dank God dat Hy die **konneksie** met Hom wil regmaak.
3. Dank God vir sy **liefde** vir ons wat nie perke het nie.
4. Dank God vir alles wat Hy vir ons **gee**

5. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.